higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VOLHOUBARE TOERISME IN SA EN STREEKSREISE
NKR VLAK 3

19 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1
1.1.1 C✓
1.1.2 D✓
1.1.3 B✓
1.1.4 C✓
1.1.5 B✓
1.1.6 B✓
1.1.7 A✓
1.1.8 B✓
1.1.9 B✓
1.1.10 B✓

(10 × 1) (10)

1.2 1.2.1 Woestyn: Sand en sandduine. Geen plantegroei nie, rotsagtige berge, warm temperature, min reën, ens.

1.2.2 Moeras: Uitgestrekte vleilande, vloedvlaktes ✓

1.2.3 Grootwild: Uitgestrekte grasvlaktes, savanne, woudagtige heuwels en berge ✓

1.2.4 Kuslyn: Ongerepte strande, aflandige eilande, seelewe en argipels ✓

1.2.5 Indiese Oseaan-eiland: Ongerepte strande, koraalriwwe, helder oseaan

(Enige toepaslike antwoord) 5 × 1) (5)

1.3.1 Woestyn: Namibië✓

1.3.2 Moeras: Botswana ✓

1.3.3 Grootwild:
- Zimbabwe✓
- Tanzanië
- Kenia (Enige toepaslike antwoord)

1.3.4 Kuslyn:
- Mosambiek✓
- Angola
- Tanzanië
- Kenia
- Suid-Afrika (Enige toepaslike antwoord)

1.3.5 Indiese Oseaan-eiland:
- Madagaskar
- Mauritius
- Seychelle
- Zanzibar (Enige toepaslike antwoord)

(5 × 1) (5)

1.4 1.4.1 Kilimandjaro
1.4.2 Tanzanië/Kenia✓
1.4.3 Visriviercanyon
1.4.4 Namibië ✓
1.4.5 Namibwoestyn
1.4.6 Namibië ✓
1.4.7 Okavangodelta✓
1.4.8 Botswana✓
1.4.9 Victoriawaterval ✓
1.4.10 Zimbabwe/Zambië✓

(10 × 1) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (2)

2.1.2
- Moet nooit saans alleen loop nie.
- Kry 'n kaart en beplan jou roete. ✓
- Hou selfone en beursies bedek.
- Moenie groot bedrae geld dra nie.
- Loop slegs in goed beligte areas. ✓
- Bly in groepe. ✓
- Gebruik slegs geregistreerde toergidse. ✓
- Moenie duimgooi nie. ✓
- Moenie snags treindienste gebruik nie.

(Enige toepaslike antwoorde) 5 × 1) (5)

2.1.3
- Toeriste sal hul besprekings kanselleer. ✓
- Negatiewe reputasie
- Lae getal toeriste wat land binnekom ✓
- Baie ondernemings sal hul deure moet sluit.
- Baie ondernemings sal bankrot raak.
- Baie werknemers in die toerismebedryf sal hul werk verloor. ✓

(Enige toepaslike antwoorde 5 × 1) (5)

2.1 2.2.1
- Die afstand na die besienswaardigheid
- Hoeveel tyd hulle benodig om by hul bestemming aan te kom
- Tye waarop attraksies oopmaak en sluit ✓
- Snelheidsgrense op paaie
- Aard van die pad
- Tyd van die dag en jaar
- Algemene toestand van die pad
- Beskikbaarheid van en afstand na parkering
- Die weer
- Kulturele sensitiwiteite/taboes✓
- Vervoergeriewe ✓
- Mediese vereistes: Byvoorbeeld: malariaprofilaktikums (voorkomende medisyne) ✓ (Enige toepaslike antwoorde 5 × 1) (5)

2.2.2 Nee✓ (1)

- Omdat hulle baie stadig sal moet ry weens die swak padtoestande
- Die paaie is uiters swak.
- Daar is baie slaggate.
- Paaie is gevaarlik en dra swaar verkeer.
- Dit is moeilik om vinnig te ry en paaie is baie stowwerig.

(Enige toepaslike EEN antwoord) (2)

2.2.3 Vierwielaangedrewe voertuig ✓ (Enige toepaslike antwoord) (1 × 2) (2)

2.2.4
- Die bus kan 'n pap band kry. ✓✓
- Die bestuurder kan verdwaal.
- Passasiers kan siek raak.
- Die bus kan in 'n ongeluk betrokke raak.

(Enige TWEE toepaslike antwoorde) (2 × 2) (4)

2.3 2.3.1 Tanzaniese sjieling
2.3.2 Zambiese kwacha✓
2.3.3 Mosambiekse metical✓
2.3.4 Keniaanse sjieling

(4 × 1) (4)
[30]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 H✓
3.1.2 F✓
3.1.3 J✓
3.1.4 I✓
3.1.5 G✓
3.1.6 A✓
3.1.7 B✓
3.1.8 D✓
3.1.9 C✓
3.1.10 E✓

(10 × 1) (10)

3.2
- Veiligheid en sekuriteit
- Onderwys en opleiding
- Finansiering van toerisme en toegang tot finansiering ✓
- Omgewingsbestuur
- Produkontwikkeling
- Kultuurhulpbronbestuur
- Infrastruktuur ✓
- Vervoer
- Bemarking en promosie
- Produkgehalte en -standaarde ✓

(Enige VYF toepaslike antwoorde) (5 × 1) (5)

3.3 3.3.1 Mauritius✓✓ (2)

3.3.2
- Snorkelduik
- Swem
- Diepseevisvang
- Skubaduik
- Waterski
- Valskermsweef
- Koraalrifduik (Enige DRIE toepaslike antwoorde) (3 × 1) (3)

3.3.3
- Ontspanningstoeriste ✓
- Natuurliefhebbers ✓
- Eko-/Verantwoordelike toeriste
- Wittebroodspaartjies ✓
- Kultuurtoeriste ✓ (Enige TWEE toepaslike antwoorde) (2 × 1) (2)

3.3.4
- Radio✓
- Internet✓
- Koerante ✓
- Bedryfspublikasies ✓
- Tydskrifte ✓
- Praatjies/inligtingsessies met ingeligte individue ✓

(Enige VIER toepaslike antwoorde) (4 × 1) (4)

3.3.5
- Radio ─ ontvouende nuus, weer, verkeersinligtingsessies en geldeenheidkoerse
- Koerante ─ nuus, weer, verkeer, kaarte, wisselkoerse
- Tydskrifte ─ inligting oor besienswaardighede, kaarte, besigheid
- Internet ─ vlugte, motorhuur en reisagentskappe
- Bedryfspublikasies ─ alle toepaslike inligting oor reis, toerisme en gasvryheid
- Praatjies/inligtingsessies met ingeligte individue ─ plaaslike inwoners gee inligting oor die gebied, toergidse gee inligting oor interessante plekke, toeroperateurs en reisagente gee inligting oor produkte en dienste.

(Enige VIER toepaslike antwoorde) (4 × 1) (4)
[30]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Nee✓ (1)

- Die kliënt is ontevrede oor die toer.
- Die kliënt het die meeste hoogtepunte van die toer misgeloop.
- Daar was geen gedetailleerde beplanning oor stilhouplekke, verposings vir middagete, aandete of besigtiging nie.
- Geen stilhouplekke om foto's te neem nie
- Hulle kon nie by die Groot Moskee ingaan nie.
- Hulle het laat by baie van die besienswaardighede aangekom.
- Toeriste is nie vooraf ingelig oor veranderinge aan die toer nie.

(Enige TWEE toepaslike antwoorde) (1 × 2) (2)

4.1.2
- Afstand wat afgelê moet word
- Ouderdom en behoeftes van kliënt
- Tyd van die jaar
- Tipe vervoer
- Maaltye ✓

- Akkommodasie
- Vertrek- en terugkeertye ✓
- Koste om besienswaardighede te besoek

(Enige VYF toepaslike antwoorde) (5 × 1) (5)

4.1.3
- Die toergids moes die toeriste oor die programveranderinge ingelig het en om verskoning vir die ongerief gevra het. ✓
- Die toergids kon die bestuur van die besienswaardighede per e-pos of telefoon ingelig het dat die groep nie meer gaan kom nie.
- Versoek ’n terugbetaling en betaal kansellasiegeld.✓
- Dan moet die toergids nuwe reëlings tref. ✓
- Die toergids moes nuwe aktiwiteite opgespoor het so naby aan die oorspronklike planne/plekke as moontlik.
- Nadat bestaande reëlings gekanselleer is, behoort die reisagent te probeer om nuwe reëlings te tref.
- Selfs indien ’n toer gekanselleer word weens redes buite die reisagent se beheer, is dit belangrik dat die agent alternatiewe voorstelle maak.
- Moenie bloot die kliënte gestrand laat nie.
- Om sulke reëlings te kan tref, is kennis van die gebied baie belangrik. Dit is voordelig om eienaars en bestuurders van besienswaardighede te ken omdat hulle gewoonlik bereid is om in ’n krisis te help.

(Enige VIER toepaslike antwoorde) (4 × 1) (4)

4.2 4.2.1 Wes-Kaap ✓ (1)

4.2.2 Ja ✓ (1)

- Robbeneiland en sy tronkgeboue simboliseer die triomf van die menslike gees, vryheid en demokrasie oor verdrukking.
- Die oorblyfsels op die eiland as ’n landskap weerspieël die geskiedenis daarvan sedert die 17de eeu asook al die kenmerke wat die waarde daarvan uitbeeld. (Enige toepaslike antwoorde) (1 × 2) (2)

4.2.3
- Die terrein ontvang befondsing van UNESCO.
- Dit word voortdurend gemonitor.
- Die beste werknemers en navorsers word aangestel om die terrein te beveilig.
- Beleggingsgeleenthede
- Die terrein ontvang erkenning.
- Meer toeriste sal die terrein besoek. ✓✓
- Meer inkomste word uit toeriste gegenereer.

(Enige TWEE toepaslike antwoorde) (2 × 2) (4)

4.3 4.3.1 Tasbare erfenis is iets wat jy kan sien, aanraak, ruik en doen. Voorbeelde: dans, voedsel, seremonies.

(Enige TWEE toepaslike antwoorde)

4.3.2 Ontasbare erfenis kan nie aangeraak word nie en sluit dinge in soos Erfenisdag, Vrouedag, ens. Dit het meer te doen met die ervaring van iets as die aanraking daarvan.

(Enige TWEE toepaslike antwoorde) (2 + 2) (4)

4.4 4.4.1 **Fasilitering en implementering:**

- Vestig 'n veilige en stabiele politieke en ekonomiese omgewing waarin toerisme kan floreer.
- Verseker die veiligheid en sekuriteit van inwoners en besoekers. ✓✓
- Fasiliteer en bied geskikte aansporings vir investering deur private sektor in toerisme.
- Vestig en fasiliteer die instaatstelling en geskikte raamwerke vir die ontwikkeling van 'n toerismekultuur in Suid-Afrika en die voorsiening van geskoolde arbeidskrag vir die bedryf.
- Fasiliteer 'n aktiewe arbeidsmark en geskikte arbeidsverhoudingeomgewing vir die bedryf.
- Ken geskikte finansiële hulpbronne vir toerismeontwikkeling toe.
- Bevorder toerisme as 'n nasionale prioriteit.
- Fasiliteer en bedryf effektiewe bemarking en bevordering van die land.
- Moedig buitelandse investering aan en fasiliteer dit.

(Enige toepaslike antwoorde)

4.4.2 **Koördinering:**

- Koördineer en skakel met internasionale, streeks- en provinsiale regerings met betrekking tot alle aspekte van toerismeontwikkeling.
- Koördineer die toerismeverwante pogings van alle staatsdepartemente en verwante staatsinstellings.
- Koördineer en skakel met NRO's, arbeids- en gemeenskapsorganisasies, opleidingsinstellings, universiteite en ander liggame wat met die ontwikkeling van die toerismesektor verband hou.
- Bevorder verantwoordelikheid vir die omgewing deur middel van sy volhoubare gebruik; betrek plaaslike gemeenskappe by die toerismebedryf; aanvaar verantwoordelikheid vir die veiligheid en sekuriteit van besoekers, staat, werknemers, werkgewers, vakbonde en plaaslike gemeenskappe. (Enige toepaslike antwoorde)

4.4.3 **Beplanning en beleidmaking:**

- Formuleer, monitor en werk 'n nasionale toerismebeleid en -strategie by in samewerking met toepaslike belanghebbendes.
- Ontwikkel geïntegreerde nasionale toerismeplanne in samewerking met toepaslike belanghebbendes. (Enige toepaslike antwoorde)

(3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Private ✓
5.1.2 Openbare✓
5.1.3 Openbare✓
5.1.4 Openbare✓
5.1.5 Private ✓

(5 × 1) (5)

5.2 5.2.1 **Natuurlike hulpbronne:**
Verwys na alle 'natuurgeskenke' wat in die produksieproses gebruik kan word, byvoorbeeld grond, natuurlike woude, water, plantegroei, ensovoorts.

5.2.2 **Arbeid:**
Verwys na alle fisieke en verstandelike vermoëns wat gebruik kan word om goedere en dienste te produseer.

5.2.3 **Kapitaal:**
Verwys na alle vervaardigde hulpbronne wat gebruik word om goedere en dienste te produseer en dit by die verbruikers te besorg. Dit sluit in masjinerie, gereedskap, toerusting, geboue en stoorplek.

5.2.4 **Entrepreneurshulpbronne:**
Dit is mense wat die vermoë en dryfkrag besit om inisiatief te neem en die produksiefaktore soos kapitaal, arbeid en natuurlike hulpbronne te kombineer.✓✓

(4 × 2) (8)

5.3 5.3.1
- Mense sal die omgewing oorbenut omdat dit gratis is. ✓✓
- Mense sal veldblomme pluk. ✓✓
- Afbreek van bome se takke vir persoonlike gebruik ✓✓
- Die omgewing sal misbruik word.

(Enige TWEE toepaslike antwoorde) (2 × 2) (4)

5.3.2
- Toerismeondernemings moet die omgewing beskerm.
- Gebruik gasse wat omgewingsvriendelik is.
- Beoefen verantwoordelike afvalbestuur en waterbehandeling.
- Verminder die gebruik van energie.
- Gebruik natuurlike hulpbronne verantwoordelik.✓✓
- Verminder gebruik van water en energie.
- Bewaar inheemse bome. ✓✓

(Enige DRIE toepaslike antwoorde) (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

5.4
- Kantoorpapier
- Leë inkkassette ✓
- Ou koerante en tydskrifte ✓
- Leë bottels ✓
- Glasbottels ✓
- Blikkies ✓
- Plastiek en batterye ✓ (Enige VIER toepaslike antwoorde) (4 × 1) (4)

5.5
- Kantoorpapier kan hergebruik word vir rofwerkpapier, en om memo's te druk.
- Druk jou drukwerk en fotokopieë aan albei kante van die bladsy, en verminder die grootte van kopieë.
- Hergebruik groot koeverte deur adresetikette daarop te plaas.
- Drukkers se inkkassette kan hervul word. Dit is boonop goedkoper as nuwes.
- In die geval van bemarkingsinligting, gebruik 'n webwerf en e-pos om te kommunikeer. ✓
- Produseer veeldoelige publikasies en vermy dit om te veel te druk. Organiseer gesamentlike bemarkingsveldtogte. ✓
- Koop herwonne, chloorvrye papier, of papier van woude wat deur die Bosbourentmeesterskapraad ('Forestry Stewardship Council') gesertifiseer is.
- Voed personeel op en motiveer toeriste om afval te verminder. ✓
- Vestig 'n herwinningstelsel. (Enige DRIE toepaslike antwoorde) (3 × 1) (3)

[30]

VRAAG 6

6.1
6.1.1 Herero/Oshiwambo/Engels/Afrikaans/Duits✓
6.1.2 Setswana/Engels/Tswana✓
6.1.3 Kreools/Engels/Frans
6.1.4 Portugees ✓

(4 × 1) (2)

6.2 6.2.1 Moslems/Islamitiese geloof✓ (1)

6.2.2
- Vroue mag nie langbroeke of moulose rokke dra of hul knieë ontbloot nie. ✓
- Moslemmans behoort hul hoofde te bedek en vroue moet kopdoeke dra. ✓
- Vroue en mans moet hul skoene uittrek en die gebou met sokkies of skoon kaal voete betree.
- Mans sit op hul knieë en kyk in die rigting van Mekka. ✓
- Mans en vroue sit afsonderlik, uit mekaar se gesigsveld.
- Voordat hulle die moskee binnegaan, moet hulle hul hande, voete en gesig was. ✓ (Enige SES toepaslike antwoorde) (6 × 1) (6)

Kopiereg voorbehou

6.3 6.3.1 Moslems:

- Geen vleis wat bloed bevat, mag geëet word nie.
- Slegs vleis van diere wat volgens ritueel geslag is, mag geëet word.
- Geen varkvleis of produkte wat varkvleis bevat, mag geëet word nie.
- Geen alkohol mag verbruik word of in voedselbereiding gebruik word nie.
- Voedsel mag slegs met die linkerhand geëet word.

(Enige VIER toepaslike antwoorde) (4 × 1) (4)

6.3.2 Jode:

- Slegs kosjer voedsel mag geëet word.
- Geen vark- of haas- of volstruisvleis nie
- Pluimvee mag geëet word indien dit volgens ritueel geslag is.
- Geen skulpvis nie, slegs vis met skubbe
- Voedsel wat by ’n funksie bedien word, mag nooit vooraf oopgemaak word nie en word direk geëet uit die houer waarin dit afgelewer word.

(Enige VIER toepaslike antwoorde) (4 × 1) (4)

6.4 6.4.1 1 ─ Suid-Afrika✓
2 ─ Namibië ✓
3 ─ Botswana ✓
4 ─ Zimbabwe ✓
5 ─ Madagaskar
6 ─ Angola ✓
7 ─ Zambië ✓ (7)

6.4.2 7 ─ Lusaka ✓
8 ─ Maputo
9 ─ Dodoma✓
10 ─ Port Louis✓ (4)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou